Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 14 FEBUARIE 2018 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy (sluit later aan)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl M van Zyl open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 VOORLEGGING EN TERUGVOERING VAN MR MARC CLAUDEMANS EN STUDENTE INSAKE DARLING RSEP-PROJEK (17/9/4/1)

'n Voorlegging word gedoen deur mnr Marc Claudemans aangaande die *Darling Intercultural Space*-projek wat beoog word in Darling.

Die grond geïdentifiseer vir die projek is tussen die R315 en R307 geleë en is bekend as "Die Vlei" waarop – onder andere – die Passiespele jaarliks plaasvind.

Die voorsitter bedank mnr Claudemans, en sy uitgelese span, dat Darling, as een van die dorpe in die Swartland, gekies is om die projek te vestig en ondersteun die doel van die projek om gemeenskappe wat deur die Apartheidsera van mekaar verwyder is, weer bymekaar te bring.

Die Snr Bestuurder: Bou-omgewing, mnr A M Zaayman, noem dat die feit dat Darling gekies is vir die volgende uitrol van 'n RSEP (*Regional Socio-Economic Programme*)-projek, die *Intercultural Space*-projek ondersteun deurdat die beginsels van beide

3.1/...

projekte vereenselwig kan word. Die beginsels is gebaseer daarop om ‘n veilige en geïntegreerde gemeenskap te ontwikkel deur sosiale, kulturele en ekonomiese struikelblokke te oorkom.

Mnr Claudemans noem dat die projek nog in beplanningsfase is, maar dat die behoeftes soos geïdentifiseer deur die gemeenskap insluit sports-/speel fasiliteite (bv. skaatsplankry, basketbal, ens), verhoog vir vertonings/amfiteater, spasies (*containers*) vir enterpreneurs/stoorgeriewe en publieke braaigeriewe.

’n Verdere bespreking volg aangaande die verligting, beveiliging, skoonhou van die terrein, bemagtiging van gemeenskap om eienaarskap te neem, ens. Die slotsom is dat die projek as platform benut kan word vir bestaande en nuwe geleenthede/projekte in Darling om verskillende gemeenskappe byeen te bring, bv. die verskuiwing van die herwinningsprojek nader aan die terrein.

Die Munisipale Bestuurder sluit die besprekings af en spreek Swartland Munisipaliteit se waardering uit dat soveel rolspelers reeds betrokke is by die projek en wens mnr Claudemans en sy span sterkte toe met die tentoonstelling van die projek op Vrydag, 16 Februarie 2018.

VIR KENNISNAME

3.2 MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER: ERNS VAN DIE WATER SKAARSTE (16/1/1/7)

Die voorsitter noem dat daar ’n aanvang geneem is met die water-inligtingsvergaderings in die onderskeie dorpe, en dat die vergaderings tot dusver goed afgeloop het.

Die saak wat op die oomblik ernstige aandag geniet, is die feit dat die water wat uit die Voëlvleidam vir die Misverstanddam vrygelaat word nie lg. dam bereik nie. ’n Moontlike oorsaak is dat water onwettig langs die Bergrivier onttrek word, en dringende aandag word hieraan gegee.

Die damvlak van die Voëlvleidam is op 17.3% en die Nasionale Departement van Waterwese is in proses om pompe te verkry om water na die Swartland-inlaatwerke te pomp.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN ’N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 24 JANUARIE 2018

BESLUIT

Dat die notule van ’n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 24 Januarie 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die regstelling die spelling van rampplan.

4.2 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 7 FEBRUARIE 2018

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 7 FEBRUARIE 2018

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

Besluit/...

5.1.1/...

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2016/2017 DIENSLEWERINGS- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die doel van die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die aansuiweringsbegroting wat op 31 Januarie 2018 deur die Raad goedgekeur is, asook wysigings aan KIP's en teikens wat op 24 Januarie 2018 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur is, het tot gevolg dat die SDBIP dienooreenkomstig aangepas moet word. 'n Gewysigde SDBIP is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2017/2018 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.2 GOEDKEURING VAN RAMPPLAN VIR KRITIESE WATERTEKORT (17/5/1/1)

Dit is bevestig dat die droogte wat tans in die Wes-Kaapse Skiereiland, Swartland en die Weskus ervaar word die hewigste in die geskiedenis is.

Die Rampplan vir Kritiese Watertekort is opgestel om die Munisipaliteit in staat te stel om situasies te bestuur soos wat die droogte en gepaardgaande watertekort vererger.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die heersende droogte die opstel van 'n Rampplan vir Kritiese Watertekort genoodsaak het;

(b) Dat verder kennis geneem word dat die plan ten doel het om as basis gebruik te word vir beplanning en implementering van aksies en noodmaatreëls soos wat die droogte verskerp;

(c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die konsep Rampplan vir Kritiese Watertekort met onmiddellike effek goedkeur.

7.3 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BRAND BY SWARTLAND HOSPITAAL(17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot 'n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

7.3/...

Die verklaring is aanvanklik vir ’n periode van drie maande van krag, waarna dit op ’n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot ‘n plaaslike ramp verleng vanaf 24 Februarie 2018 tot 26 Maart 2018;

(b) Dat ‘n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot ‘n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.4 VERLENGING VAN VERKLARING VAN ‘N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT AS GEVOLG VAN DIE DROOGTE (17/5/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester het op 28 Junie 2017 die Swartland munisipale area tot ‘n rampgebied verklaar weens die erns van die aanhoudende droogte en die water skaarste wat ondervind word.

Die aanvanklike verklaring is geldig vir ‘n periode van drie maande, waarna dit op ‘n maand-tot-maand basis verleng moet word.

Die situasie het intussen nog nie verander nie, en is ‘n verlenging van die verklaring nodig om nasionale en provinsiale ondersteuning te verkry in oplossings om volgehoue watervoorsiening te verseker.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland munisipale gebied tot ‘n plaaslike ramp weens die aanhoudende droogte met gepaardgaande water skaarste verleng vanaf 10 Maart 2018 tot 9 April 2018;

(b) Dat ‘n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot ‘n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.5 VOORGESTELDE VERKRYGING VAN GROND: GEDEELTE (5 000 M^2 GROOT) VAN GEDEELTE 7 VAN DIE PLAAS 643, AFDELING MALMESBURY (12/2/1-11/3)

’n Regsaksie is in 2016 teen Panorama RK Beleggingstrust (mnr J L Vlok) ingestel vir die onwettige bedryf van ’n herwinningsaanleg op gedeelte 7 van die Plaas 643, Afdeling Malmesbury omrede die landbousonering nie die praktyk toelaat nie.

’n Hofbevel (met kostebevel teen die respondent, mnr Vlok) is bekom met die bevel dat die praktyk binne dertig dae gestaak en die terrein opgeruim moet word. Mnr Vlok het nie uitvoering gegee aan die hofbevel nie, en tydens gesprekke wat hieruit voortgevloei het, het mnr Vlok sy bereidwilligheid verklaar om die gedeelte grond waarop die herwinningsaanleg geleë is aan die Munisipaliteit te verkoop of te skenk.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die aangaan van ‘n skenkingsakte met die Panorama RK Beleggings Trust om ‘n gedeelte (groot 5000 m^2) van Gedeelte 7 van Plaas 643 Afdeling Malmesbury te bekom vir toekomstige uitbreidings

7.5(a)/…

aan die Riebeek Kasteel vullisoorlaaistasie, onderhewig aan die voorwaardes soos ooreengekom met mnr Vlok en soos toegelig in die verslag;

(b) Dat indien die transaksie nie realiseer nie, die respondent steeds aanspreeklik gehou sal word ingevolge die hofbevel vir die opruiming van die perseel asook die tersaaklike regskostes.

7.6 HUUROOREENKOMS: VUYOLWETHU CRÈCHE, MOORREESBURG (17/9/2/R)

Die tydelike struktuur waarvandaan die *Vuyolwethu Crèche* in Moorreesburg bedryf word het nie meer kapasiteit om die groeiende leerdertal te akkommodeer nie.

'n Aansoek is ontvang vir die huur van erf 4175, Moorreesburg om 'n permanente Vroeë Kindertontwikkelingsentrum op te rig.

BESLUIT

(a) Dat 'n drie (3) jaar huurooreenkoms met Vuyolwethu Crèche Moorreesburg, m.i.v. 1 Maart 2018, aangegaan word vir die huur van erf 4175, Moorreesburg vir die oprigting van `n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R100,00 per jaar plus BTW;

(c) Dat indien Vuyolwethu Crèche Moorreesburg homself as na behore finansieël volhoubaar bewys, oorweging geskenk sal word aan die vervreemding van betrokke erf aan genoemde instelling in die toekoms.

7.7 HERNUWING VAN HUUROOREENKOMS MET S A POSKANTOOR BEPERK (12/2/4-12/1)

Die Raad verhuur 'n gedeelte van erf 163, Riebeek-Wes op 'n jaarlikse basis aan die SA Poskantoor waarop voorafvervaardigde private posbusse opgerig is. Die huurder het versoek dat die bestaande huurooreenkoms met 'n verdere termyn van drie jaar verleng word.

BESLUIT

(a) Dat 'n verdere huurooreenkoms met SA Poskantoor Beperk aangegaan word vir 'n termyn van drie (3) jaar, met ingang 1 Januarie 2018, vir die huur van 'n gedeelte van erf 163, Riebeek-Wes vir die bedryf van privaat posbusse;

(b) Dat huurgeld van R330.00 (BTW uitgesluit) per jaar gehef word en dat die huurgeld jaarliks met 6% eskaleer;

(c) Dat die huurvoorwaardes soos tans geld van krag sal wees.

7.8 HUUROOREENKOMS: LITTLE DARLINGS CRÈCHE (17/9/2/R)

Die *Little Darlings Crèche* word tans vanuit 'n tydelike struktuur bedryf. 'n Versoek is ontvang vir die huur van erf 4048, Darling aangesien die leerdertal toegeneem het en die tydelike struktuur nie meer voldoende is nie.

BESLUIT

(a) Dat 'n drie (3) jaar huurooreenkoms met Little Darlings Crèche, m.i.v. 1 Maart 2018, aangegaan word vir die huur van erf 4048, Darling vir die oprigting van `n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R100,00 per jaar plus BTW;

(c) Dat indien Little Darlings Crèche homself as na behore finansieël volhoubaar bewys, oorweging geskenk sal word aan die vervreemding van betrokke erf aan genoemde instelling in die toekoms.

7.9 HERNUWING VAN HUUROOREENKOMS MET ESKOM BEPERK (12/2/4-8/4)

Die Raad verhuur ±900 m² meentgrond by die Klipkoppie aan Eskom vir die bedryf van 'n radio-herhalerstasie. Die huurder het versoek dat die bestaande huurooreenkoms met 'n verdere drie jaar verleng word.

BESLUIT

(a) Dat, alvorens die huurooreenkoms hernieu word, die Direkteur: Korporatiewe Dienste uitsluitsel kry of die betrokke gedeelte van die Klipkoppie uitgesluit is van die natuurbewaringsgebied soos onlangs goedgekeur deur die Raad, en indien nie, of daar voortgegaan kan word met die verhuring daarvan;

(b) Dat 'n verdere huurooreenkoms met Eskom aangegaan word vir 'n termyn van drie (3) jaar, met ingang 1 Januarie 2018, vir die huur van ±900m² meentgrond te Malmesbury Klipkoppie vir die bedryf van hul radio-herhalerstasie;

(c) Dat huurgeld van R2 910.00 (BTW uitgesluit) per jaar gehef word en dat die huurgeld jaarliks met 6% eskaleer;

(d) Dat die huurvoorwaardes soos tans geld van krag sal wees;

7.10 VERHUUR VAN KAMPE: MEENTGROND, DARLING (12/2/4-3/1)

Daar is gedeeltes meentgrond in Darling wat in kampe (kampe 2 tot 6) opverdeel is en verhuur word vir landboudoeleindes. Tans word kampe 2, 3 en 4 verhuur, waarvan kampe 2 en 4 se huurtermyn op 28 Februarie 2018 verstryk, en kamp 3 se huurtermyn op 30 Junie 2018.

BESLUIT

(a) Dat Kampe 4,5 en 6, per openbare tender, vir verhuring beskikbaar gestel word;

(b) Dat met verwysing na vorige versoeke vanuit wyke 4 en 5, asook vanaf plaaslike kleinboere, gemelde kampe 4, 5 en 6 slegs verhuur sal word aan persone wat permanent woonagtig is binne die munisipale gebied van Swartland Munisipaliteit;

(c) Dat die Raad se voorneme in die plaaslike pers geadverteer word;

(d) Dat Kampe 2 en 3 geserveer word om moontlik aan die Darling Kleinboere aangebied te word, vir hervestiging.

7.11 UITSTAANDE DEBITEURE: JANUARIE 2018 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die voorsitter versoek dat die skedule van raadsvergaderings heroorweeg word, om genoegsame tyd aan die Direktoraat Finansiële Dienste te gee om die Artikel 71 MFMA-verslag voor te berei vir voorlegging aan die Portefeuljekomitees.

BESLUIT

(a) Dat die Raad kennis neem van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Januarie 2018;

(b) Dat die verslag van uitstaande debiteure ten opsigte van Januarie 2018, tesame met die verslag ten opsigte van Februarie 2018, aan die Portefeuljekomitees in Maart 2018 voorgelê word;

(c) Dat die Munisipale Bestuurder die skedule van raadsvergaderings heroorweeg om toe te sien dat die Artikel 71 MFMA-verslag aan die Portefeuljekomitee ter wille van deursigtingheid voorgelê kan word.

7.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Januarie 2018 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.13 ALGEMENE JAARVERGADERING: PLAASLIKE OWERHEDE AFTREEFONDS: AANWYSING VAN AFGEVAARDIGDES (11/1/2/5)

Die 34ste Algemene Jaarvergadering van die Plaaslike Owerhede Aftreefonds vind plaas op 25 Mei 2018.

Volgens die voorskrifte van die fonds, kan die Munisipaliteit een afgevaardigde uit lede en een afgevaardigde uit die raadslede nomineer om die jaarvergadering by te woon.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat mnr A Zaayman genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Plaaslike Owerhede Aftreefonds op 25 Mei 2018.

(b) Dat Raadslid R F van der Westhuizen, genomineer word om die Raad by die vergadering te verteenwoordig.

7.14 BEGROTING VIR ONDERHOUD VAN PROVINSIALE HOOFPAAIE: 2018/2019 FINANSIËLE JAAR (5/6/1/1/2)

Die beraamde uitgawes vir die instandhoudin gen rehabilitasie van Provinsiale Hoofpaaie word jaarliks aan die Distrikspadingenieur voorgelê vir oorweging en goedkeuring.

Die beraamde uitgawes beloop ‘n bedrag van R17 422 000.00.

BERAAMDE UITGAWES AAN PROVINSIALE HOOFPAAIE : 2018/2019			
PAD NR	**BESKRYWING VAN / (NA)**	**AKTIWITEIT**	**VERSOEKE 2018/2019**
MR 230	Moorreesburg / (Lang St)	Onderhoud	None
MR 230	Moorreesburg / (Piketberg Rd)	Onderhoud	None
MR 231	Moorreesburg / (Lang St)	Onderhoud	R 30 000.00
MR 226	Riebeek Kasteel / (Hoof St)	Onderhoud	R 27 000.00
MR 226	Riebeek Kasteel / (Sarel Cilliers St)	Onderhoud	R 9 000.00
MR 226	Riebeek Kasteel / (Piet Retief St)	Onderhoud	R 16 000.00
MR 226	Riebeek Kasteel / (Hermon Rd)	Onderhoud	R 18 000.00
MR 25	Malmesbury / (Piet Retief St)	Onderhoud	None
MR 224	Malmesbury / (Bokomo Rd)	Onderhoud	R 204 000.00
MR 224	Malmesbury / (Darling Rd)	Onderhoud	R 84 000.00
MR 174	Malmesbury / (Voortrekker St)	Onderhoud	R 794 000.00
MR 215	Darling / (Hoof St)	Onderhoud	R 62 000.00
MR 228	Darling / (Evita Bezuidenhout Blvd)	Onderhoud	R 92 000.00
MR 215	Yzerfontein / (Hawe Rd)	Onderhoud	R 8 000.00
MR 25	Malmesbury / (Rainier St)	Rehabilitasie	R 1 768 000.00
MR 224	Malmesbury / (Bokomo Rd)	Rehabilitasie	R 14 310 000.00
		Totaal	**R 17 422 000.00**

7.14/…

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Begroting van Uitgawes aan Provinsiale Hoofpaaie vir die 2018/2019 finansiële jaar soos hierbo uiteengesit, goedkeur.

7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VOORSIENINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE BESPROEINGSPOMP, DARLING RIOOLWERKE (6/1/2/1)

Die Gabriel Pharoa Sportgronde en setperke by die Darling Gholfklub word besproei met gesuiwerde rioolwater vanuit die Darling Rioolsuiweringswerke.

Die pomp wat die gesuiwerde rioolwater na die besproeiingstelsels van voormelde sportfasiliteite pomp, het meganiese onklaar geraak en dringende herstelwerk is benodig.

BESLUIT

(a) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word in terme van die herstel van die besproeiingspomp by die Darling Rioolsuiweringswerke deur *Tricom Africa* teen die bedrag van R33 055.65 (BTW ingesluit);

(b) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures afgewyk is, omrede:

- Die besproeiingspomp by die Darling Rioolsuiweringswerke wat gesuiwerde rioolwater aan die besproeiingstelsels by die Gabriel Pharoa Sportgronde asook by die Darling Gholf Klub voorsien, meganiese beskadig is en die herstelwerk daarvan dringend benodig is om skade aan die speelvelde by die sportgronde en setperke by die gholfklub te voorkom;

(c) Dat kennis geneem word dat die uitgawe geallokeer is na mSCOA pos: 9/249-849-259 en dat daar voldoende befondsing beskikbaar is vir die gekwoteerde bedrag van R33 055.65 (BTW ingesluit);

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER